

Sondag, 9 Augustus 2020

Fokusteks: Genesis 37

Daar word soms gesê dat mense produkte van hul omstandighede is. M.a.w. dinge wat met jou in jou verlede gebeur het, kan jou bind. Ervarings en insidente uit die verlede kan 'n bepalende invloed op jou lewe hê. As jy dalk iemand se optrede nie lekker verstaan nie, dan sê iemand anders, wat die persoon ken, dalk vir jou: Jy sal verstaan as jy weet uit watter huis hy/sy kom. Jy sal verstaan as jy weet wat lank terug gebeur het. Sielkundiges sal ook kan bevestig dat angstigheid of spanning soms verband hou met ervarings uit jou kinderdae.

Dit is interessant dat twee of meer kinders bv. aan die presies dieselfde haglike, huislike omstandighede blootgestel word. Die een kind slaag daarin om bo die omstandighede uit te leef, terwyl die ander 'n slagoffer daarvan word. Die een word gemotiveer deur die onaangename omstandighede om 'n beter lewe te lei, die ander kan maar net nie daaruit kom nie. Soms sien mens 'n patroon raak by families, hoewel dit natuurlik nie altyd so is nie. Ons moet baie versigtig wees om nie te veralgemeen nie. Byvoorbeeld, 'n kind wat mishandel is, mag dalk self later ander mishandel. Iemand wat uit 'n huis kom waar alkoholisme 'n ernstige probleem was, mag dalk eendag self daarin verval. Dis natuurlik nie in die algemeen waar nie, maar sulke omstandighede kan jou lewe as volwassene op 'n bepaalde manier beïnvloed. Die vraag is nou, kan 'n mens jou losmaak van omstandighede uit die verlede? Is dit moontlik om vanuit moeilike en slegte omstandighede 'n suksesvolle lewe te hê? Miskien ken jy iemand wat uit sy of haar omstandighede kon uitstyg.

Kom ons kyk na Josef se familiegeskiedenis. Hy is 'n uitstekende voorbeeld van iemand wat uit 'n baie komplekse agtergrond gekom het. Ja, daar was mooi dinge ook in sy familie en huishouding waarin hy grootgeword het, maar daar was ook genoeg negatiewe dinge – genoeg materiaal vir 'n sepie op TV. Josef se oupa en ouma, Isak en Rebekka, het elkeen hul gunsteling kind liefgehad en hulle bo die ander voorgetrek. Isak was baie lief vir Esau, terwyl Rebekka weer lief was vir Jakob. Jakob en sy ma het Isak bedrieg om die familieseën en voorregte aan Jakob oor te dra terwyl Esau dit eintlik moes ontvang het. Jakob moes vlug omdat Esau hom daarvoor wou doodmaak. Jakob gaan werk toe vir baie jare vir sy oom, Laban, en word op allerlei maniere deur hom bedrieg. Hy trou met Laban se dogters, Lea en Ragel, en hulle is weer in kompetisie met mekaar oor wie die meeste kinders kon hê. Dit het tot verdere familiespanning gelei. Daar ontstaan toe jaloesie tussen Ragel se kind, Josef, en die ander seuns van Jakob. Want Jakob trek vir Josef voor. Josef is pa se witbroodjie, 'n bedorwe brokkie. Hy het mooier aangetrek as sy broers. Josef het nooit moeite gedoen in sy verhouding met sy broers nie. Hy dra slegte stories aan van sy broers by sy pa, 'n regte klikbek. En dit bring hom in groot moeilikheid by hulle. Geen wonder hulle wou hom selfs doodmaak nie.

Wat weet ons nog van hierdie familie? Dina, die oudste dogter, is verkrag (Gen.34:2). Ruben het by een van sy pa se vrouens geslaap (Gen.35:22). Simeon en Levi het 'n hele dorpie se mans vermoor (Gen.34:25,26). Juda, die tweede-oudste, het by sy skoondogter, Tamar, geslaap omdat hy gedink het sy's 'n prostituut (Gen.38). Dis 'n baie stukkende familie hierdie! Terug na Josef. Hy word amper deur sy broers doodgemaak, maar gelukkig het Juda hulle omgepraat om dit nie te doen nie, en Josef eerder as 'n slaaf te verkoop. Dit is eintlik so goed as dood, want 'n slaaf sterf elke dag, omdat hy geheel en al sy eenaar se wense moet uitvoer. Daarna het sy broers vir sy pa, Jakob, 'n leuen vertel deur te sê dat 'n roofdier hom opgevrete het. Gaan Josef dit maak? Sal hy knak? Gaan hy ook 'n produk van sy omstandighede word? En wat gaan van die familie word?

Ons dien egter 'n God wat die mag het om slegte situasies om te keer tot verhale van hoop. Alles dui daarop dat Josef geen kans het om 'n suksesvolle lewe te hê nie. Sy geskiedenis sê hy het geen kans op 'n sinvolle lewe nie. Maar Josef knak nie. Sy eenaar, Potifar, se vrou probeer hom verlei, maar Josef tree verstandig en volwasse op en weier haar toenadering. Nadat sy hom toe vals beskuldig van seksuele teistering, beland

hy in die tronk, maar selfs daar hanteer hy sy omstandighede uitstekend en word uiteindelik onderkoning van Egipte. Dit kon, vanweë sy verlede, so maklik anders gewees het. Dink terug aan die leuens, bedrog, immorele gedrag, manipulasie in sy familiekring, die verraad van sy broers, die jare in die tronk. Hy laat hom egter nie bind nie, gebruik sy verlede nie as verskoning nie, maar raak ontslae van die kettings van die verlede.

Wat was Josef se geheim dan? Hoe het hy dit reggekry? Hy kom immers uit 'n stukkende, onheilige familie. Maar daar was 'n familiegeheim wat heelyd aan die werk was. Kyk weer na Gen.37. Die Hoofkarakter se naam word nie eens hier genoem nie. Jy sien Hom nêrens nie, hoor Hom glad nie hier nie. Ek praat van God. Dit lyk asof God Hom hier verberg het, so asof Hy nie omgee wat met die familie en veral met Josef gebeur nie.

Hier sit ons elkeen en luister na die boodskap. Baie van ons is op een of ander manier geraak deur ons verlede, deur insidente, ongelukkigheid, sonde en slegte ervarings. Ons is deel van wat met Josef en sy familie gebeur – afguns, eersug, nuusdraery, familietwiste, selfs moordadigheid. Die manier waarop die nageslag van Abraham met mekaar saamgeleef het, van toe tot nou, is dikwels om van te huil. En ons dink, God het Hom van my onttrek, want my omstandighede word nie beter nie. Ek is nog daarin vasgevang.

Hoe moet God se wil in hierdie wêreld uitgevoer word as dit so met God se mense gaan? Kan die kerk werklik tot seën wees vir die mense rondom hom as die kerkmense self sukkel? Maar wag, daar is 'n familiegeheim. En dit mag ons nie vergeet nie: God het Homself aan hierdie familie, ons familie verbind. En sy genade was nog altyd groter as enige familiesonde. Die foute en dwaashede en moedswillige ongehoorsaamheid kan nie in die pad staan van wat Hy met jou wil bereik nie. Om die waarheid te sê: Hy kan dit alles gebruik om juis sy doel te bereik, net soos in Josef se geval.

In die ander hoofstukke wat oor die Josefverhaal handel, lees ons dikwels hierdie woorde: *Die Here was by hom* (bv. Gen.39:21-23).

*Terwyl Josef daar in die tronk was, **was die Here by hom**, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind, sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het. Hy het vir Josef in beheer geplaas van al die gevangenes in die tronk en van wat hulle moes doen. Josef was vir alles verantwoordelik, en die tronkbewaarder het nie meer na iets omgesien nie; alles was in Josef se hande, **want die Here was by hom**. Wat Josef ook al aangepak het, die Here het dit laat slaag.*

God is aanwesig in sy swaarkry en God vorm hom deur die swaarkry. Josef groei na wysheid. Die man met die gawe van drome word 'n droomuitlegger waardeur hy later hy die guns van die Faraon wen sodat daar betyds beplan kon word om 'n groot ellende vir die land af te weer.

Dit is nie nodig dat ons deur ons verlede gevange gehou word nie. Dit hoef nie my lewe van vandag of my toekoms te bepaal nie. As jy dan wil terugdink aan die verlede, dink eerder terug aan die verlede van Jesus. Dink daaraan wat lank gelede met Hom gebeur het. Hy het jou sondige en stukkende verlede saam met Hom na die kruis geneem. Dáár is dit vernietig en dáár het Hy vir jou nuwe toekoms geskep. Ons weet nie hoe die toekoms lyk nie, daar sal weer persoonlike uitdagings wees. Daar sal weer rampe en teenspoed wees, daar sal weer droogte en brande wees. Of oorstromings. Daar sal weer uitbrekings van virusse wees wat ons lewens bedreig. Daar sal weer misdaad en geweld wees. Ek mag dalk weer in sonde verval. Maar ons kan weet dat God die toekoms ken, dat Hy reeds daar is om ons vas te hou in sulke omstandighede. Ons weet nie alles van God nie, maar ons weet uit die Bybelse geskiedenis dat Hy barmhartig en genadig is, en dat Hy nooit iemand wegstuur wat na Hom toe kom nie. In Romeine 10:13 staan daar: *Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.*

Agter die skerms was God heelyd aanwesig in Josef se lewe, al word sy Naam nêrens in hoofstuk 37 genoem nie. Daarom kon Josef dit maak. God gebruik en seën hom. God bevry hom van die boeie van sy verlede. Ons kan op hierdie God met alles wat ons is en het vertrou. Ons kan na hierdie God bly draai en God bly dien. As God dit met Josef kon doen, is dit vir elkeen van ons moontlik. Hou rekening met God. Praat met God oor die dinge wat jou bind. Dink so daaroor: As Jesus die kettings van die dood aan die kruis kon breek, kan Hy jou ook van die kettings van jou verlede bevry.

GEBED

Hemelse Vader, ek wil nie langer deur my sondige verlede beheer word nie.

Ek begeer om met vrede en blymoedigheid te leef.

Help my om aan 'n ander verlede vas te hou - die dood en opstanding van Jesus, sodat ek vandag en môre met nuwe moed kan voortgaan.

Amen